**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**VRAESTEL 2**

**JUNIE 2019**

**EKSAMEN**

**GRAAD 11**

**PUNTE : 70**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING.

1. **Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.**

   **Afdeling A : Kortverhale (35)**

   **Beantwoord al die vrae in hierdie afdeling.**

   **Afdeling B : Gedigte (35)**

   **Beantwoord al die vrae in hierdie afdeling.**

2. **Lees die instruksies baie goed.**

3. **Begin elke vraag op 'n skoon bladsy.**

4. **Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.
   Mev. Jordaan, Middleton, Meiring, Haluman, Gilbert of Ramdhani.**

5. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.**

6. **Skryf netjies en leesbaar.**

**Afdeling A: Kortverhale**

**VRAAG 1: Eenrigtingkaartjie – John M Floyd**



Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg

> Ek wens jy het nie gegaan nie," sê die meisie wat by die venster staan. Sy staan met haar rug na die vertrek en staar stroef na die straat. Die uitdrukking op haar gesig is net so droewig soos haar stem, wat klink asof sy op die punt staan om haar laaste vriendin te verloor.

1.1. Wie is Mary Lou se vriendin wat so hartseer is dat Mary Lou weggaan? Gee haar naam en van. (1)

1.2. Die vriendin gee vir Mary Lou twee ander opsies om van die eenrigtingkaartjie ontslae te raak.

Noem die 2 voorstelle wat sy maak. (2)

1.3. Daar was 2 redes waarom Mary Lou so graag Amerika toe wou gaan.

Noem hulle. (wees spesifiek) (2)

1.4. Mary Lou was nie baie ryk nie.

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die feit dat Mary Lou (haar eie ou pan inpak / haar een goeie trui inpak) is bewys hiervan. (1)

1.5.1 Voltooi die onderstaande sinne deur die weggelate woorde in te vul.
Skryf slegs die vraagnommers en antwoorde neer.

Mary Lou en haar vriendin werk as 1.5.1. ________________. Hul 1.5.2.____________ is Mev. Billings. (2)

1.6. Rangskik die gebeure in die KORREKTE VOLGORDE.
Skryf die sinne in die korrekte volgorde oor.

- Sy loop oor die leë kaai.
- Sy sit regop in die ou paartjie se bed.
- Toe skiet hy haar.
- ‘n Man agervolg Mary Lou. (4)

1.7. Toe Mary Lou eers besef het dat sy die boot verpas het, was sy hartseer.
Verduidelik in jou eie woorde waarom sy later baie bly daaroor sou wees? (1)

(13)

**VRAAG 2: Die meisie van Parys – Deon Meyer**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

As ek net nie gaan staan en verlief raak het nie. Een uur aan die etenstafel en die situasie verander van ‘n ongemaklike grap na ‘n onmoontlikheid.” Hy kom sit voor haar op sy hurke. Haar hart klop in haar keel en sy wil skree: “ Ek verstaan, ek verstaan!” maar sy durf nie.

“*Je ne parle pas français*,” sê hy en neem haar hand. “Ek praat nie Frans nie, Sanita. Ek verstaan nie eens Frans nie. Dis my ma se skuld. Sy het dit so geniet toe ek terugkom verlede jaar en ek allerhande goedjies in Frans kon sê, toe bewaar ek maar die skyn, want ‘n man se ma moet kan lag en trots wees.

En hoe gaan jy nie lag as jy weet ek het op die lughawe ‘n Franse resepteboek gekoop en die disse se name geleer net om iets vir jou te kan sê nie. Maar hoe gaan ek dit aan jou verduidelik uit ‘n kookboek uit? Wat de duiwel gaan ek doen?”
Dit is nie net die idee van die resepteboek wat haar laat reageer nie. Dit is die verbreking van meer as ‘n week se spanning, die wete dat hulle albei dieselfde noodleuen vertel het, die wete dat alles gaan regkom, wat Sanita Basson laat lag, ‘n helder lag wat oor die plaaswerf uitkring, vol verligting en verliefdheid.

2.1. Hoekom is dit ironies dat Wiaan in die uittreksel vir Sanita sê dat hy nie Frans kan praat nie? (1)

2.2. Pas die karakter in KOLOM A by die woorde wat hulle gebruik in KOLOM B. Skryf net die vraagnommer en die letters neer.

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 2.2.1 | Oom Servaas | A | "Sien jy kans om die hele Desembervakansie 'n kind op 'n plaas op te pas?" |
| 2.2.2 | Tant Baby | B | "Je ne parle francais. Potage Saint-Germain. Escargots á l'alsacienne. S'il vouz plaît." |
| 2.2.3 | Die dame van die agentskap. | C | "Maak hom seker mooi om die Franse nooi te ontmoet," |
| 2.2.4. | Wiaan | D | "Ek meen, as ek nie 'n Franse een kon kry nie, het ek sommer self die kind opgepas." |
| | | E | " Ja," het sy dadelik geantwoord want kinders is haar groot vreugde. |

(4)

2.3. In die uittreksel hierbo praat Wiaan, Noem twee feite oor Wiaan. (2)

2.4. Die volgende stelling is ONWAAR

Sanita Basson reageer negatief op Wiaan se bekentenis dat hy nie Frans praat nie.

Haal 'n sinsnede van 5 OPEENVOLGENDE woorde aan wat bewys dat die stelling onwaar is. (1)

2.5. Sanita het geld nodig.

2.5.1. Watter werk het sy voorheen gedoen om geld te maak? (1)

2.5.2. Gee 1 rede waarom sy nie weer hierdie tipe werk wil doen nie. (1)

2.5.3. Waarvoor het Sanita die geld nodig? (1)

2.6.

| |
|---|
| Haar enigste aandeel in die misverstand is dat sy van Parys af kom. |

2.6.1. Verduidelik wat die misverstand oor Parys is. (1)

(12)

**VRAAG 3: Soldate in wit klere – Hannah Bell**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

| |
|---|
| Al die land se inwoners, wit en swart, het in daardie oorlog swaargekry. Vryheidsvegters het oor die land se grens gekom en by binnelandse vegters aangesluit. |

3.1. In watter land het hierdie oorlog plaasgevind? (1)

3.2. Die plaas waar oom Labu Labuschagne geboer het, het nie aan hom behoort nie.

3.2.1. Gee die naam van die plaas. (1)

3.2.2. Wat was oom Labu se rol op die plaas? (1)

3.2.3. Aan wie het die plaas behoort? (1)

3.3. "Ter wille van veiligheid het die regering 'n reël gemaak dat geen boer alleen op 'n plaas mag bly nie."

3.3.1. Wie het by oom Labu kom woon? Gee sy naam en van. (1)

3.3.2. Noem een ander veiligheidsmaatreël wat daar was om die boere te beveilig? (1)

3.4. Waarom sou die vryheidsvegters 'n boomstomp oor die pad gooi? (1)

3.5. Nadat die dokter die siek persoon gediagnoseer het, het hy op sy manier vir oom Labu gehelp. Wat het hy belowe om nie te doen nie? (1)

3.6.

| |
|---|
| "Ons was bang!"<br><br>"Bang? Waarvoor?"<br><br>"Vir die soldate in wit klere wat om jou huis gestaan het!" |

3.6.1. Wie was in die uittreksel hierbo bang vir die soldate in wit klere? (1)

3.6.2. Verduidelik in jou **eie woorde** wie daardie nag vir oom Labu beskerm het. (1)

(10)

**TOTAAL AFDELING A: 35**

**Afdeling B: Gedigte**

**Vraag 4: Here Be Dragons – Izak de Vries**

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

pa se kodewoord
draf ek in ŉ oogwink kaf
my muis surf dwingend
op nuwe ruimtes af

los my, pa, laat my gaan
inligting is my relige en GoogleEarth my kaart
dagga lê die strate vol
en onnies vroetel ook maar graag

ons wéét, pa
ons keyboards is wyser as jy dink
laat ons gaan, laat ons reis
na kletsvriende in Pole, na hekse in Parys

waar anders, pa, sal ons geslag
ons vlae plant?
ons kleims afsteek?

los my, pa, laat my gaan

maar hou oop jou hart
eendag gaan daar ŉ virus wees
ŉ wurm of ŉ Trojaanse perd
wat meer gaan doen as komperkraak

dan, pa, dan sal my bréin met jou wil praat

sal jy daar wees, pa? as ek moet vlug
van ŉ pedofiel of sluipdief in die nag
sal jou oor dan oop wees, pa?
ŉ USB vir my gemoed?

of gaan jy stug ŉ vuurwal gooi
en my die kuberstorm self laat veg?

Izak de Vries

4.1. Voltooi die sinne hieronder deur die WEGGELATE WOORDE in te vul.

Skryf slegs die vraagnommers en die antwoorde neer.

Die titel van hierdie gedig verwys na eeue gelede toe dele van die (4.1.1.)_________ nog onbekend was. Seevaarders en ontdekkers het (4.1.2. gee die Afrikaanse woord vir dragons) _____________ en seemonsters op wêreldkaarte geteken omdat hulle bang was vir die gevare in die onbekende dele. (2)

4.2. Daar kom net twee tipes LEESTEKENS in die gedig voor. Noem hulle. (2)

4.3. Verduidelik waarom sekere woorde soos, "surf" en "GoogleEarth" in Engels gebruik word in hierdie gedig.

4.4. Waarvan is die woord in versreël 1, "kodewoord" 'n voorbeeld? (1)

4.5. Haal 'n voorbeeld van 'n direkte vertaling uit strofe 1 aan. (1)

4.6. Kyk na strofe 4. Noem een ding wat die ontdekkers van vroeër jare gedoen het as hulle 'n nuwe land ontdek het? (1)

4.7. Noem een sosiale probleem wat vandag se kinders teëkom. (1)

4.8. Haal 'n voorbeeld van assonansie uit strofe 2 aan. (1)

4.9. In die eerste 5 strofes is die spreker vol selfvertroue. Dan verander sy gemoedstoestand. Gee 1 woord wat sy gevoelens in die laaste 4 strofes beskryf. (1)

4.10. Watter woord dui die wending tussen selfvertroue en sy vrese aan? (1)

4.11. Na wie sal die spreker wil draai as dinge begin verkeerd loop met sy rekenaar wêreld? (1)

4.12. Noem 1 moonlike gevaar van die kuberwêreld? (1)

(13)

**Vraag 5: Oppie Cape Flats**
**(met apologies aan Toon van den Heever)**

1. Oppie Cape Flats waar dit crowded is
2. en djy skaars die hiemel boe kan sien
3. Waa snotnies laaities haastig oor biesage
4. strate virrie karre moet saaidstep
5. Waar die girlies nog moet rollers innie
6. hare innie strate loep...
7. Waar ꞌn mens glattie lekke asem kan kry
8. nie oorrie dagga fumes innie lug...
9. En God van djou vegiet het!
10. Daa het ek opgegroei, my broe

11. En as ek innie propvol tronk sit
12. en kopvriet oo' my crimes, dan droem
13. ek vannie nice time:
14. vannie disco's...
15. ennie daylight robberies...
16. ennie nice times moet Myra vannie Kriefgat!

17. Oppie Cape Flats, waar dit crowded is
18. en djy glattie vêr kan sien oorie baie shacks
19. (Die buttons se blou roek lat djou oë soema traan)
20. Daa wag my mense nog vir my,
21. wag al vi siewe djaar!
22. Ma as die ve'lange na my family stêk wod en
23. ek hoo die guard se slietels raas,
24. dan wish ek soe ek was by my laaitie
25. om hom te warn tien ꞌn liewe soes myne!
26. Dan soek ek in my mind al die tye
27. Op waa ek skiefgetrap het asse laaitie

Willem Fransman (junior)

5.1. Haal 'n woord aan wat aandui dat die Cape Flats baie beknop is. (1)

5.2.1. Waar speel die kinders van die Cape Flats volgens die gedig? (1)

5.2.2. Waarom, dink jy, speel die kinders van die Cape Flats nie in tuine of parkies nie? (1)

5.2.3. Noem 1 gevaar wat dié speelplek vir die kinders inhou. (1)

5.3. Kies die beeldspraak/stylfiguur/rym in KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas.

Skryf slegs die letter (A-E) langs die vraagnommers neer.

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 5.3.1. | “ek hoo die guard se slietels raas,” | A | allitersaie |
| 5.3.2. | “ennie nice times moet Myra vannie Kriefgat” | B | assonansie |
| 5.3.3. | “En God van djou vegiet het!” | C | emosies word beklemtoon |
| 5.3.4. | “Waa snotnies laaities haastig oor biesage” | D | personifikasie |
| | | E | vergelyking |

(4)

5.4. Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A-C) langs die vraagnommer neer.

“en kopvriet oo’ my crimes, dan droem””

Uit die onderstreepte woorde kan ons aflei dat...

A. hy spyt is oor sy misdade.
B. hy goed voel oor sy misdade.
C. hy nadink oor sy misdade. (1)

5.5. Die volgende stelling is WAAR.

Die Cape Flats woonbuurt is nie die enigste plek in hierdie gedig wat beknop is nie.

Haal ‘n versreël aan om te bewys dat die stelling waar is. (1)

5.6. Verduidelik in jou eie woorde hoe die leser weet dat die gevangene se familie nie van hom vergeet het nie. (1)

5.7. Lees strofe 3.

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer neer.

Die spreker wens vir sy seun ‘n beter (5.7.1) (verlede/toekoms) en wil hom graag (5.7.2.) ( onthou/waarsku) teen ‘n lewe soos syne. (1)

(12)

**Vraag 6: Demokrasie (Pity) Limited – Peter Snyders**

Wies aware wat om jou aangaan
tjek uit die plek
waar djy jou kô kry.
Watch yt vir mense wat
inligting vra,
jou iets wil verkoep –
laat hulle hulle distance hou.

Wies op jou guard
in supermarkte
en as djy ge-hijack of ge-rob word
bly kalm en oplettend –
moenie trug fight nie
djy sal net seerkry

Moenie jou gun in jou cubby hole
of handsak bêre nie
Sorg dat jou kardeure toe
is – ennie vensters oek.

Moenie pakkies of selfouns
innie mouter los nie
Tjek jou driveway
as djy hys toe kom
en as djy jou garage oepslyt
kyk
of daar nie iemand wegstiek nie.

moenie op verlate, donker paaie ry nie
gebryk sover as moontlik highways
en wies versigtag
by robots en stopstrate.

En as jou mouter ge-hijack word
en djy doen ‘n paar gun-skote op,
moenie die polisie betrek nie
want
daar’s nie genoeg van hulle nie
hulle’s overworked
en underpaid
en
al trek hulle die skelms en criminals vas,
die nuwe demokrasie is soe lief vir hulle
djy staan ‘n kans
om ‘n saak tiën jou
gemaak te kry.

6.1. Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies en skryf dan die vraagnommer en die antwoord neer.

Die spreker in hierdie gedig is moontlik ( ‘n buitelander / ‘n slagoffer van misdaad / iemand baie onskuldig) . (1)

6.2. Lees versreëls 10 en 29. Let op die woord “as”.

Wat impliseer die woord “as” in die konteks van hierdie gedig? (1)

6.3. Kyk na versreël 23:

6.3.1. Hoe word hierdie versreël beklemtoon? (1)

6.3.2. Waarom wil die digter hierdie woord beklemtoon? (1)

6.4. Waarom, dink jy, sê die spreker dat ‘n mens nie jou vuurwapen in die “cubby hole” of jou handsak moet bêre nie? (1)

6.5. Haal TWEE APARTE woorde aan wat die plekke aandui waar die misdade meestal plaasvind. (2)

6.6. Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer en antwoord neer.

| |
|---|
| hoofweë; kalm; beskerm; oplettend, agterstrate; veroordeel |

‘n Mens moet 6.6.1. ______________in die winkels wees. Gebruik liewer die 6.6.2. __________ wanneer jy bestuur. Ongelukkig 6.6.3. __________ die demokrasie die misdadigers in Suid-Afrika. (3)

(10)

**TOTAAL AFDELING A: 35**

**GROOTTOTAAL: 70**